# Bio-Blog

Mei 2023

**Om aandeelhouers van die RBX Groep op hoogte te hou**

## Ons vier 20 jaar van River Bioscience

Na 'n paar opmerklike uitdagings in die sitrusbedryf, waarvan een die weerstandsontwikkeling teen chemikalieë deur vals kodlingmot (VKM) was, het die Citrus Growers Association (CGA) ingetree, en 'n paar vasbeslote wetenskaplikes het besluit om die probleem aan te spreek en 'n oplossing te vind. En so is Cryptogran, 'n granulovirus om VKM-larwes dood te maak, ontwikkel.

Die CGA het toe 'n dapper besluit geneem om sy eie gewasbeskermingsmaatskappy, River Bioscience, te stig om hierdie virus te kommersialiseer om te verseker dat dit beskikbaar was vir alle Suid-Afrikaanse sitrusprodusente en ander landbougewasse. Oor die volgende paar jaar het die maatskappy nog 'n virus vir bolwurmbeheer bekendgestel, en lok-en-doodmaak produkte vir fitosanitêre vrugtevlieë is ook aan produsente beskikbaar gestel. Maar dit was net die begin.

Oor die afgelope dekade het River Bioscience voortgegaan om vir sy aandeelhouers waarde te lewer deur nuwe paringsontwrigtingsprodukte in te bring en nasionale moniteringsnetwerke te ontwikkel om produsente te help om ingeligte besluite te neem in spuitprogramme.

Nou, 20 jaar later, het die aanvanklike produk wat tot die stigting van River Bioscience gelei het, meer as 750 000 hektaar VKM-vatbare gewasse behandel, met verbruik wat elke jaar verhoog namate ons marktoegangsvereistes strenger word. River Bioscience het verskeie nuwe produkte wat in die komende en toekomstige seisoene die mark sal intree, wat verskeie kwessies wat ons produsente in die gesig staar, sal aanspreek. Ons glo daarin om by te dra tot ons bedryf se volhoubaarheid deur fitosanitêre peste te beheer, terwyl ons bespuitings oorskot bestuur en nie die omgewing beskadig nie.

**20 jaar later en dit is nou eers die begin vir River Bioscience.**






20 YEARS River Bioscience

RESPECTING OUR ROOTS
FORGING OUR FUTURE





**Kliek hier** en kyk ons **20 jaar herdenkings video**














### Mei Verjaarsdae

Albertus Ruiters, Christopher Kapel, Muriël Skeepers, Mncedisi Ngquse, Nadia Gagiano, Chanté Bekker, Keegan Mentoor, Anita Smit, Meugel Fransman, Hillsenzo Coetzee, Sachelo Kamfer, Thobani Bisa, Pamela Zamxaka, Petrus Willemse, Andre Moolman, Gerreny September, Hendrik Engelbrecht, Sean Thackeray, Enrico Ficks, Patricia Prince, Mathew Goddard, Dyhan Ruiters, Theunis Lombard

**Trotse Lede van die CGA Groep van Maatskappye**

River Bioscience | xsit x sterile insect technique